kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 284

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
waar haat is, laat ek daar u liefde bring.
Laat ek in pyn en smart vertroostend wees
en krag gee deur geloof in U, o Heer.

Refrein (slegs na strofes 1 en 2)
O Heer, help my om altyd so te leef –
om ander hoër as myself te ag,
ja, om lief te hê – ander bo myself –
en ook eerder te gee as te verwag.

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
en laat ek hoop gee waar daar twyfel is.
Ek wil u lig in duisternis laat skyn.
Laat ware vreugde altyd uit my straal.

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
leer my om ook soos U te kan vergeef.
Maak my bereid om aan myself te sterf,
dat ander U al meer in my kan sien.

Woorddiens

Tema: "Dat die wêreld gered kan word?" Waarvan?

Skriflesing: Johannes 3:14-21

"If you bring forth what is within you, what you bring forth will save you. If you do not bring forth what is within you, what you do not bring forth will destroy you."
— Gospel of Thomas

"If nothing saves us from death, at least love should save us from life"
— Pablo Neruda

Broodjies vir die pad

"I arise in the morning torn between a desire to improve (or save) the world and a desire to enjoy (or savor) the world. This makes it hard to plan the day."
— E.B. White

"Take the case of courage. No quality has ever so much addled the brains and tangled the definitions of merely rational sages. Courage is almost a contradiction in terms. It means a strong desire to live taking the form of a readiness to die. 'He that will lose his life, the same shall save it,' is not a piece of mysticism for saints and heroes. It is a piece of everyday advice for sailors or mountaineers. It might be printed in an Alpine guide or a drill book. This paradox is the whole principle of courage; even of quite earthly or brutal courage. A man cut off by the sea may save his life if we will risk it on the precipice.

He can only get away from death by continually stepping within an inch of it. A soldier surrounded by enemies, if he is to cut his way out, needs to combine a strong desire for living with a strange carelessness about dying. He must not merely cling to life, for then he will be a coward, and will not escape. He must not merely wait for death, for then he will be a suicide, and will not escape. He must seek his life in a spirit of furious indifference to it; he must desire life like water and yet drink death like wine. No philosopher, I fancy, has ever expressed this romantic riddle with adequate lucidity, and I certainly have not done so. But Christianity has done more: it has marked the limits of it in the awful graves of the suicide and the hero, showing the distance between him who dies for the sake of living and him who dies for the sake of dying."
— G.K. Chesterton, Orthodoxy

Die politiek van plastiek

Karla Janse van Vuuren

Plastiek is oral 'n probleem. Almal het seker al die video gesien van 'n strooitjie wat uit 'n seeskilpad se neus getrek word en kyk maar net om jou, dit hoop op op byna elke sypaadjie in ons land. "Dit is duidelik dat plastiek 'n massiewe probleem is en as 'n samelewing moet ons anders begin dink oor dié vernietigende materiaal," sê Robyn Smith van die aanlynwinkel Faithful to Nature. Hier is praktiese maniere om jou plastiekverbruik te verminder:

+ Vervang plastiekitems: Belê in herbruikbare strooitjies van glas, bamboes of metaal, 'n glaswaterbottel, inkopiesakkies van materiaal en materiaalsakkies wanneer jy los groente en vrugte gaan koop. Slaan ook oor na plastiekvrye borsels, van jou tandeborsel tot jou hareborsel, sê Robyn.
+ "Koop grootmaat met herbruikbare sakke en houers eerder as om plastiekhouers vol van byvoorbeeld rys en neute te koop," beveel Shannon Skye Goodman, 'n voorstander van "zero afval", aan. Kies ook los vrugte en groente wat nie vooraf in plastiek verpak is nie. "Dit is gewoonlik goedkoper ook, so jy gaan boonop geld spaar," voeg Lauren O'Donnell, besturende direkteur van Greenpop (hulle plant bome in stedelike gebiede), by. "Neem ook jou eie houer saam wanneer jy gaan uiteet vir enige oorskiet, of om middagete by die werk te koop. Vermy ook plastiek-eetgerei."
+ Koop jou klere en goedere sover moontlik tweedehands, sê Robyn. "Sodoende vermors jy nie hulpbronne op nuwe items nie. Koop items wat eties gemaak en tydloos is en wat jy vir baie jare kan gebruik," voeg Shannon by.
+ Gebruik soliede badprodukte soos seep, sjampoe-stafies (bars) en reukweerder in 'n glasfles, en wees op die uitkyk vir enige produkte wat piepklein plastiekdeeltjies bevat – dit beland in die water en uiteindelik in die see, maan Shannon.
+ Herwin herwin herwin! Volgens Hayley McLellan, omgewingskampvegter verbonde aan die Two Oceans-akwarium, gebruik ons sowat agt miljard plastiekinkopiesakke elke jaar in Suid-Afrika en die meeste hiervan beland op vullishope. Dit kan voorkom word as mense die gevaar van enkelgebruik-plastiek begin besef.

+ Gebruik eerder ’n paar universele skoonmaakprodukte eerder as dosyne plastiekbottels vol chemikalieë. “Jy het nie ’n aparte skoonmaakmiddel vir elke oppervlak in jou huis nodig nie. Koeksoda en asyn is byvoorbeeld uitstekende natuurlike skoonmaakmiddels. Kies ook lappies gemaak van natuurlike materiale,” beveel Shannon aan.

Verbou jou eie groente

As jy baie geld wil spaar en natuurlik ook minder voorafverpakte vars produkte wil koop, is die beste idee om ’n groentetuin te begin. Selfs ’n klein tuintjie of potte op ’n balkon kan ’n ryk oes oplewer.

Vanessa Jacobs, van Sow Delicious, gee ’n paar praktiese wenke om ’n groentetuin te begin:

+ Blaargroente kan floreer in ’n tuin wat selfs net twee uur per dag son kry. Plant gerus wilde roket, blaarslaai en spinasie en as jy dit in houers plant, maak seker dit is dieper as 30 cm.
+ Plante wat waterwys is (as jy waterbeperkinge het) is Kaapse appelliefies, tamaties, kruie en blaargroente soos wilde roket. “Die smaak van groente intensiveer inderwaarheid met min water. Die geheim is om ’n goeie wortelstelsel te laat ontwikkel, doen dit deur beenmeel by die grond te voeg en so moedig jy ook erdwurms en mikrobiese aktiwiteit aan.”
+ Plante is baie temperatuur-sensitief so daarom moet jy weet wat om wanneer te plant – dit is hoekom daar groeiseisoene is. “Iets van die rissiefamilie, soos brand- of soetrissies, groei egter altyd goed. Die rede is sodra hulle gevestig is – hulle kan tot 30 dae neem om te ontkiem – kan hulle tot vyf jaar lank lewe en is gelukkig in potte, en in sekere klimate kan hulle selfs regdeur die jaar vrugte dra.”
+ Die top drie plante om te plant as jy min ruimte het, is tamaties (elke plant lewer 50 tot meer as 300 tamaties), ’n rissieplant en ’n komkommerrank. “Ons komkommerrank het al 50 komkommers in net ses weke gelewer!”
+ Gebruik as eerste keuse erfenissaad (heirloom) om jou groente te kweek. “Dit is die suiwerste soorte op aarde en jy kan die saad hou om volgende seisoen weer te plant. Sowat 93% van alle vrugte en groente se erfenis-variëteite het in die afgelope 100 jaar uitgesterf, so deur dié saad in jou tuin te gebruik en die saad van jou oes te hou en weer te plant kan jy help om hulle van algehele uitwissing te red.”

Moenie om groener te leef as ’n uitdaging sien nie, daag jouself eerder uit om te sien waar jy ’n verskil kan maak.

https://www.netwerk24.com/Ontspan/Leef/die-politiek-van-plastiek-20180304

“Do not depend on the hope of results. You may have to face the fact that your work will be apparently worthless and even achieve no result at all, if not perhaps results opposite to what you expect. As you get used to this idea, you start more and more to concentrate not on the results, but on the value, the rightness, the truth of the work itself. You gradually struggle less and less for an idea and more and more for specific people. In the end, it is the reality of personal relationship that saves everything.”
— Thomas Merton

“You are told a lot about your education, but some beautiful, sacred memory, preserved since childhood, is perhaps the best education of all. If a man carries many such memories into life with him, he is saved for the rest of his days. And even if only one good memory is left in our hearts, it may also be the instrument of our salvation one day.”
— Fyodor Dostoyevsky

Brood vir die pad

Burgerlike moed wat inspireer is veral nou nodig

RRV

‘Iemand moes tog begin om iets te doen. Wat ons geskryf het, is ook die oortuiging van baie ander,” het die 21-jarige Sophie Scholl in die hof gesê kort nadat sy op 18 Februarie 1943 op ’n aanklag van hoogverraad in hegtenis geneem is.

Sophie was saam met haar broer, Hans, deel van ’n klein weerstandsgroep teen die Nazi-bewind, bekend as die Wit Roos.

Hoewel sy en veral Hans aanvanklik entoesiasme vir die Hitler-jeugprogram gehad het, het hulle toenemend kritiek teen Nazi-wandade begin uitspreek. As studente in München word hulle deel van ’n vriendekring wat ’n liefde vir kuns, literatuur, filosofie, teologie en die buitelewe deel.

’n Kerngroep van hulle versprei pamflette wat onder meer die gruweldade teenoor Russiese krygsgevangenes en die massamoord op Jode aan die kaak stel. Dit is juis vir die verspreiding van een van hierdie pamflette by die universiteit dat Sophie, Hans en hul vriend Christoph Probst in hegtenis geneem word. ’n Paar dae later, op 22 Februarie 1943, word al drie onthoof.

Sophie se laaste woorde was: “Hoe kan geregtigheid seëvier as daar niemand is wat bereid is om hulself vir ’n regverdige saak te gee nie? Dit is so ’n mooi sonnige dag, en ek moet gaan, maar wat maak my dood saak as duisende mense daardeur tot optrede beweeg word?”

Ons sou seker kon vra of Sophie se dood ’n wesentlike uitwerking gehad het. Maar tog leef die inspirerende herinnering aan haar moedige weerstand voort. Deesdae is talle strate, skole en pleine in Duitsland na haar en haar broer genoem.

In Amerika is selfs onlangs ’n “Projek Sophie Scholl” begin wat deur straatkuns en plakkate vorme van neofascisme wil uitdaag.

En die afgelope weke het talle skrywes in die lig van die 75-jarige herdenking van Sophie en Hans Scholl se dood beklemtoon hoe ons deesdae, te midde van nuwe vorme van boosheid, mense benodig wat burgerlike moed aan die dag lê.

Hierdie burgerlike moed kan baie vorme aanneem. Soos byvoorbeeld die ma in die rolprent Three Billboards Outside Ebbing, Missouri, wat nie stilbly oor die polisie se traagheid om aan haar dogter se verkragting en moord aandag te gee nie.

Of byvoorbeeld die talle bekende en minder bekende Suid-Afrikaners wat daagliks, ten spyte van teenstand en intimidasie, nie oor sosiale, politieke en ekonomiese onreg swyg nie.

Of diegene wat ten spyte van hul eie sinisme tog aanhou om te doen wat reg is.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/burgerlike-moed-wat-inspireer-is-veral-nou-nodig-20180302

“Nothing that is worth doing can be achieved in our lifetime; therefore we must be saved by hope.

Nothing which is true or beautiful or good makes complete sense in any immediate context of history; therefore we must be saved by faith.

Nothing we do, however virtuous, can be accomplished alone; therefore we must be saved by love.

No virtuous act is quite as virtuous from the standpoint of our friend or foe as it is from our standpoint. Therefore we must be saved by the final form of love which is forgiveness.”
— Reinhold Niebuhr

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877